Die God van randfigure

Pieter Fourie

Hierdie *Kruisgewys* moes oor randfigure handel. Op die ou end het dit uitgeloop op 'n blad wat fokus op MIV/vigs en mense wat MIV-positief is, of reeds aan vigs ly.

Dalk bied hierdie onbedoelde uitloop weliswaar die beste toets vir ons teologie oor randmense.

Vigs is 'n groot probleem in Suid-Afrika. Naweke in baie gemeentes van die VGK en ander kerke in swart gebiede is tot boordens toe gevul met begrafnisse – baie daarvan vigssterftes, alhoewel dit nie op een sterftesertifikaat so sal staan nie.

Binne die geledere van die NG Kerk is dié verskynsel nie naasteby so erg nie, alhoewel daar ook al vigsbegrafnisse was. Is dit dus geregverdig om nogtans 'n hele *Kruisgewys* aan hierdie onderwerp te wy?

Vir inspirasie het ek my gewend tot Kosuke Koyama se boek (reeds van 1984): *Mount Fuji and Mount Sinai: A pilgrimage in theology* (London: SCM).

Periferie vs sentrum

Koyama vestig die aandag op die belang van die periferie (van die buiterand) vir 'n kruisteologie.

Waar is die periferie? "The periphery is the place without honour, prestige and power. In Jeremiah the periphery is the place of widows, orphans and aliens. The place where people are dying from starvation is the periphery" (voeg by "vigs").

Téénoor die periferie staan die sentrum. Hoe lyk dit daar? "At the centre, in the place of honour, prestige and power, people are nicely salaried and caloried. This understanding of periphery is important – the theology of the cross is fundamentally different from a theology of honour, prestige and power..."

Eer, prestige en mag moet in die lig van dissipelskap beoordeel word: "Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg" (Matt 16:24).

Die periferie is 'n plek van dissipelskap. As ons Jesus volg, sal ons Hom aantref op die periferie van die samelewing, tussen hulle wat nie prestige en geld en mag en (selfs) gesondheid het nie. "The periphery is the place of the cross. It is the place where we are asked to save others and not ourselves. This description of the periphery itself is a description of the gospel of Christ."

Ons sê graag: Jesus Christus is die sentrum van ons lewe. En inderdaad, Jesus is die sentrum. Daarom, waar Hy ook al is, daar word dit die sentrum.

Maar hierdie sentrum is nie 'n gewone sentrum nie. In dié sentrum word bevestig dat God se swakheid sterker is as dié van mense, en sy dwaasheid wyser as mense s'n. Dié vreemde sentrum is die kruis. En die kruis is die plek van die aflegging van selfgesentreerdheid.

Ervaar kerklidmate nog die periferie te midde van relatiewe gemak, loopbaanwedywering, prestige en ekonomiese mag – binne die lewe van 'n verburgerlikte Christendom in die voorstede van Bloemfontein, Pretoria of Kaapstad? Is hulle in staat om ook die kruis te leer ken op die periferie van daardie stede - in Heidedal, Mamelodi en Khayelitsha? Vanuit die "middel" lyk vigs na die straf op sonde en die verdiende loon vir losbandige lewes. Vanuit die periferie van die kruis – daar op 'n heuwel aan die buiterandjie van Jerusalem – sien jy die Gekruisigde raak besig om siekes te vertroos en wonde te genees.

God is eers die sentrum van godsdienstige lewe waar daar dissipels is wat in selfopoffering Hom op die periferie tussen die randfigure van die samelewing raaksien en begin volg. Die God van die sentrum is ".... op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte ...."

Wat die Belhar-belydenis daarmee verwoord "... is eenvoudig die basiese, oer-Bybelse en oer-Christelike oortuiging dat God die hulp van die hulpelose is," skryf Dirkie Smit in *Oomblik van Waarheid* (1984) (en voeg by: "... alhoewel dit meermale nie uitgeleef word nie of geriefshalwe vergeestelik word").

Nie net terloops nie

Dit lyk my in die teologie het die periferie nie maar net terloops met die sentrum te make nie. Dit is die hart daarvan. Sê Miroslav Volf (ten opsigte van Israel se soortgelyke opdrag om ánders teenoor vreemdelinge en slawe op te tree – Deut 24:17-18): "For the nation to fail to imitate God would not simply be to disregard wise counsel or disobey a moral command, but ... to betray themselves, no less than the redeeming God, by living in contradiction to their true identity"*(The End of Memory:* Eerdmans 2006*)*.

Mag dié *Kruisgewys* weer eens kerkmense wat soms so sukkel om op die periferie te opereer, waarlik uitdaag!